



Die 2001-omdigting van die Psalms na vyf jaar

Herrie van Rooy

ABSTRACT

In 2001 a new version of the Afrikaans Psalter was published. It contains 150 hymns in a strophic version by T.T. Cloete, eight by Lina Spies, two by Andries Breytenbach, two by Antjie Krog and one by Elsabé Kloppers. This new Psalter was welcomed by many churches, but some persons had severe criticism of this new Psalter. This article discusses the way followed from the Biblical Psalm text to the new strophic version, as well as criticism related to the nature of a strophic version of the Psalms and criticism related to matters of principle, such as the messianic character of certain Psalms and the theology of the new Psalter.

Inleiding

In 2001 het die nuwe Omdigting van die Psalms verskyn. Die bundel bevat 150 omdigtings van T.T. Cloete, asook agt van Lina Spies, twee van Andries Breytenbach, twee van Antjie Krog en een van Elsabé Kloppers. Die nuwe Omdigting is met groot blydschap ontvang. In sekere kringe is daar egter, selfs vóór die verskyning van die nuwe Omdigting, ernstige kritiek teenoor die Omdigting uitgespreek. Alhoewel die kritiek nie beperk was tot mense uit die geleedere van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) nie, was dit veral uit hierdie kring dat baie kritiek gehoor is. Die kritiek het in heftigheid toegeneem tot met die Nasionale Sinode van die GKSA in Januarie 2006, waar verskeie beswaarskrifte teen die aanvaarding van die Omdigting gedien het. Die beswaarskrifte is almal van die hand gewys. 'n Mens het gehoop dat die kritiek nou sal begin verdwyn, maar die afwysing van die besware op die Sinode was waarskynlik nie die einde van besware teen die Omdigting nie. Sommige van die besware het direk te doen met die aard van 'n Psalmberyming, terwyl ander meer prinsipiële van aard is. Hierdie artikel bied eers 'n uiteensetting van die aard van 'n Psalmberyming, om iets van die weg van die oorspronklike teks tot by 'n beryming te verduidelik. Daarna gaan die besware wat teen die Omdigting ingebring is, in die lig van hierdie uiteensetting bespreek en geëvalueer word, in twee afdelings. Eers gaan aandag gegee word aan die besware wat verband hou met die aard van 'n Psalmberyming, en daarna aan prinsipiële besware.

Prof. Herrie van Rooy is professor in Ou Testament en Direkteur: Navorsing van die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Hy was lid van die Interkerklike Psalmberymingskommissie en het as lid van 'n werkgroep, saam met proff. Daleen Kruger (musikoloog) en Heilna du Plooy (Letterkundige), advies aan prof. T.T. Cloete gegee. Vir sy werk aan onder andere die Nuwe Omdigting en Bybelvertaling het hy die Ds. Pieter van Drimmelenmedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang. Hy, sy vrou Jacoba en ds. Johannes Bingle van Windhoek was die redakteurs van die nuwe Psalmboek van die Gereformeerde Kerke wat in 2003 verskyn het.

Van teks na beryming

Min mense begryp waarskynlik die kompleksiteit van die skep van 'n goeie Psalmberyming. In die reformatoriese tradisie het psalmberymings van vroeg af ontstaan veral met die oog op gebruik in die erediens. Veral die psalmberyming(s) van Genève het in hierdie verband 'n belangrike rol gespeel – en die melodieë van die Geneefse Psalter word nog steeds wêreldwyd in Psalmberymings gebruik. Dit is natuurlik moontlik om 'n ander weg in te slaan, naamlik om eerder 'n teks te toonset as om dit in 'n beryming te verwerk. So is Lied 266 in die *Liedboek van die Kerk* 'n toonsetting van die Ons Vader-gebed, terwyl Lied 267 'n beryming is van dieselfde gedeelte uit die Bybel. Die keuse vir beryming eerder as toonsetting het sekere implikasies waarmee nie altyd in kritiek op die nuwe Omdigting rekening gehou word nie.

Gewoonlik word drie vereistes vermeld wanneer daar oor Psalmberyming gehandel word, naamlik getrouheid aan die grondteks, letterkundige gehalte en musikaliteit. Hiervan is getrouheid aan die grondteks sekerlik die belangrikste (vgl. Van Rensburg, 2005:105), maar die ander twee sake speel ook 'n fundamentele rol. Dit kan gebeur dat 'n beryming ten volle getrou is aan die grondteks, maar dan weens gebrek aan letterkundige gehalte of musikaliteit nie aanvaarbaar is nie. Die musikale vorm speel veral 'n belangrike rol in die bepaling van die struktuur van 'n beryming, wat dikwels op een of ander wyse 'n wegbeweeg van die grondteks noodsaak. Vir die beoordeling van 'n beryming wys Van Rensburg (2005:106) op twee sake wat van groot belang is, wat hy in aansluiting by D.J. Opperman noem “getrouheid van verslag” en “sierlikheid van verwoording”.

As voorbeeld om die problematiek te verduidelik, gaan die teks van Psalm 1 bespreek word, en dan met die bespreking as uitgangspunt, nagegaan word hoe die Psalm verwerk is in die berymings van Cloete en Totius.

Vir die doel van hierdie bespreking word die Ou Afrikaanse Vertaling (1933) as teks gebruik, omdat dit letterlik vertaal is en so die beelde van die Hebreeus beter behou het as die Nuwe Vertaling (1983). Psalm 1 lees soos volg in hierdie vertaling:

¹Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; ²maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. ³En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. ⁴So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi. ⁵Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie. ⁶Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.

In die Hebreeus bestaan die gedig uit 10 reëls, met verse 2, 5 en 6 elk net een reël, terwyl vers 1 en 4 uit twee reëls en vers 3 uit drie reëls bestaan. 'n Mens sou die Psalm gemaklik in drie dele kan verdeel. Vers 1-3 praat oor die gelowige wat nie op die weg van die goddelose gaan nie, maar wat hom in die wet van die Here verlustig, met die gevolg dat hy geseën word. Vers 4-5 stel daarteenoor die goddelose, wat nie kan standhou nie weens sy ongeregtigheid. In vers 6 word die inhoud van die Psalm saamgevat, wanneer die twee groepe, die regverdige en die goddelose, teenoor mekaar gestel word en op hulle onderskeie bestemmings gewys word. Die drie dele se lengtes is nie eweredig nie, aangesien die eerste deel ses reëls in die Hebreeus beslaan, die tweede deel drie en die derde deel net een reël.

Hierdie Psalm is waarskynlik spesiaal geskryf om as inleiding tot die Psalmbundel as geheel te dien. Die terminologie wat gebruik word, tipeer die gedig as 'n wysheidspsalms. Dit word veral duidelik deur die teenstelling wat gemaak word tussen die regverdige en die goddelose, 'n teenstelling wat dikwels in die boek Spreuke voorkom. Die wet van die Here kry ook hierin 'n pertinente plek. Die basiese boodskap van die Psalm kan eenvoudig saamgevat word: Die Here seën die regverdiges, maar die goddeloses kom onder sy oordeel. Die term "weg" speel ook 'n belangrike rol in hierdie Psalm, asook beelde wat met plante te doen het (boom, vrugte, blare, kaf). Die Godnaam "Jahwe" kom twee keer in die Psalm voor. Wanneer 'n beryming van Psalm 1 beoordeel word wat getrouheid aan die grondteks betref, moet die sake hierbo genoem, in ag geneem word.

Die volgende saak wat natuurlik bepalend is vir die finale vorm van 'n beryming, is die melodie wat gebruik word. In beide die Afrikaanse berymings is die keuse vir 'n bepaalde melodie gewoonlik gedoen voor die beryming gemaak is. Selfs wanneer die beryming gedoen word voordat daar op 'n melodie besluit is, moet daar in elk geval 'n vaste patroon gekies word vir die beryming. Dit raak die hoeveelheid reëls in die melodie, die lengte van die reëls en die metriese patroon. Beide die Afrikaanse berymings het die Geneefse melodie van Wolfgang Dachstein of Mathias Greiter gebruik. Die melodie het ses reëls. Die eerste twee en die laaste twee reëls het elk tien note. Die middelste twee reëls het elk elf note, met 'n metriese patroon wat dubbelrym vereis. Die rympatroon is dus aabbcc, waar bb dubbelryme is en die ander nie. Veral die dubbelrym stel besondere eise aan die vindingrykheid van die digter.

Wat die indeling van die Psalm in strofes betref, het die twee berymings verskillende weë gevolg. Totius het vir die eerste deel, vers 1-3, twee strofes gebruik, en een strofe elk vir die tweede en derde deel, met 'n totaal van vier strofes. Die eerste drie strofes van die beryming is dus in elke geval 'n weergawe van drie reëls in die Hebreeus. Strofe 4 handel egter net oor een reël in die Hebreeus. Die keuse om vers 6 en 'n aparte strofe te berym, is goed verstaanbaar, omdat dit die kern van die Psalm saamvat, maar die keuse vereis dus taamlike uitbreiding in die beryming. Cloete het net drie strofes. Sy eerste twee strofes omvat presies dieselfde stof as Totius se eerste twee strofes, maar Cloete het die tweede en derde deel van die gedig in een strofe hanteer, met vier reëls vir die tweede deel en twee reëls vir die kort derde deel. Totius het vers 1 en 2 in strofe 1 berym en vers 3 in strofe 2. Cloete het weer vers 1 in strofe 1 berym en vers 2 en 3 in strofe 2. Die gevolg van hierdie verskillende keuses was dat Totius in sy strofes 2, 3 en veral 4 uitbreidend moes werk. Cloete moes weer in sy strofe 1 effens verkort en in strofe 2 effens uitbrei. 'n Mens sou ook die twee digters se hantering van die indeling van die stof kan verduidelik deur die woorde in die Ou Vertaling en in die twee berymings te tel en te vergelyk. Die Ou Vertaling het 134 woorde, Cloete se Omdigting het 133 en Totius se beryming het 181 woorde. In sy strofe 1 gebruik Totius 50 woorde vir 50 in die vertaling, in strofe 2 44 vir 34, in strofe 3 43 vir 32 en in strofe 4 44 vir 17. Dit wys weer duidelik waar Totius uitbreidend te werk gegaan het. Cloete het in sy strofe 1 46 woorde gebruik vir 32, in sy strofe 2 43 vir 53 en in sy strofe 3 44 vir 49. Hy moes dus by strofe 1 uitbreidend te werk gaan, en by die ander twee strofes weer verkort. Beide die indelings is sinvol, met die gevolg dat die uitbreidings en weglatings gesien moet word as 'n noodwendige gevolg van die indeling.

Vir die bespreking van die sake uit die inhoud van die Psalm wat vir die verstaan van die Psalm noodsaaklik is, word die twee berymings van Psalm 1 (Du Toit, 2003; Cloete, 2003) eers gegee.

Psalm 1 - Totius

1. Welsalig hy wat op die spoor nie gaan
waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is,
waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering,
by dag en nag weer in gedagt'nis bring.
2. Hy is 'n boom wat diep en vas geplant,
sy wortels uitsprei by die waterkant;
en mild versorg deur vrugb're lentelugte,
sy volle drag laat sien van somervrugte.
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit:
wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.
3. So is die sondaar nie; sy aardse tyd
is wisselspel en onbestendigheid.
Hy's soos die kaf aan stormwind prysgegewe;
in nietigheid; so eindig hy sy lewe;
hy hou nie stand waar God se volk Hom eer,
of waar die straf tot weervergelding keer.
4. God ken die pad waarop sy volk moet gaan;
sy oog is dit wat hulle gadeslaan
en met sy lig hul lewenspad bestraal het;
maar sondaarspad wat van hom weggedwaal het –
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed,
loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

Psalm 1 - T.T. Cloete

1. Gelukkig hy wat slegte raad vermy
wat op die goddelose pad hom lei,
en met die spotters sit hy ook nie saam nie;
geen plan word met ligsinniges beraam nie.
Die Here sien hom in Sy goedheid aan.
Dit gaan met almal goed wat so bestaan.
 2. Die Here is dié mense goedgesind
wat altyd in sy woord hul vreugde vind:
Wie dit oordink, soos sap vloei in die bome
geplant langs sterk en helder waterstrome,
hul dra hul vrug gereeld op hulle tyd
en ken geen droogte of onvrugbaarheid.
-

3. Die goddelose word verstrooi soos kaf.
Gewis sal God hom oordeel en hom straf.
By die regverdiges kan hy nie kom nie;
waar hul vergader, is geen plek vir hom nie.
Die Here lei dié wat na Hom verlang.
Die goddelose pad bring ondergang.

By die beoordeling van die getrouheid van die twee berymings aan die grondteks, is die eerste vraag wat gevra moet word, of dié basiese inhoud en struktuur van die Psalm as wysheidspsalms tot sy reg kom. Hierop kan dadelik positief geantwoord word. In die beryming van Totius handel die eerste twee strofes oor diegene wat na God luister en hulle word teenoor die sondaars gestel, wat in strofe 3 aan die orde kom. Die gelowiges leef onder God se seën en die sondaars kom onder die oordeel. In strofe 4 word die teenstelling duidelik saamgevat. In Cloete se omdigting handel die eerste twee strofes ook oor die regverdiges. Die eerste vier reëls van strofe 3 wys hoe die goddeloses onder God se oordeel kom. Die laaste twee reëls van die omdigting vat die teenstelling duidelik saam.

Wanneer egter na die detail van die Psalm gekyk word, kom daar 'n ander prentjie na vore. In die Psalm self word die teenstelling duidelik gemaak tussen die regverdiges en die goddeloses. In Totius se beryming kom die twee terme egter nie voor nie. By hom word die teenstelling gemaak tussen die sondaars (strofe 1, 3 en 4) en God se volk (strofe 3 en 4). Cloete verwys wel na die goddelose (strofe 3) en regverdiges (strofe 3) en gebruik die uitdrukking "goddelose pad" twee keer (strofe 1 en 3). Totius verwys na die wet in strofe 1, terwyl Cloete in strofe 2 na die woord van die Here verwys. Wat die woord "weg" betref, het Totius verwysings na die pad van die sondaars in strofe 1 en 4 en twee keer na die pad van sy volk in strofe 4. Cloete verwys twee keer na die goddelose pad (strofe 1 en 3). Hy het nie 'n verwysing na die pad van die regverdige nie, maar wel dat God die lei wat na Hom verlang (strofe 3). Die beelde wat met plante te doen het, kry in beide berymings aandag. Totius handel in strofe 2 in vier reëls oor die boom wat langs die water geplant is, en Cloete doen dieselfde in sy tweede strofe. Beide gebruik ook die beeld van die kaf vir die goddelose (strofe 3 by beide). Wat die gebruik van die Godsname betref, het Totius twee keer God (terwyl 'n mens eintlik *HERE* sou verwag), terwyl Cloete drie keer *Here* het, en een keer *God*. Hieruit is dit duidelik dat 'n mens die getrouheid aan die grondteks nie kan meet aan al die klein besonderhede in die teks nie, maar dat 'n mens veral op die basiese boodskap en breë lyne moet let. Alhoewel beide die berymings nie al die detail behou het nie, het hulle wel die basiese boodskap en die breë lyne van die oorspronklike teks goed weergegee.

Besware wat verband hou met die aard van 'n omdigting

Die 2001-omdigting het uit verskillende oorde onder kritiek deurgeloop, maar tog is dit ook in baie kringe met groot dankbaarheid ontvang. Barnard (2001:15) noem Cloete se omdigtings 'n reuse werk en as van uitnemende kwaliteit. *Die Kerkbode* (2002:1) berig in 2002 dat T.T. Cloete die Andrew Murrayprys gewen het. Die beoordeling dui aan dat hierdie omdigting van 'n baie hoë gehalte is en stel dan: "Onder eietydse psalmondigtings in watter taal ook al, sal TT Cloete s'n 'n plek in die voorste ry moet inneem." Benewens die Andrew Murrayprys, het Cloete ook die Totiusprys en die Ds. Pieter van Drimmelen-medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang, wat getuig van die besondere agting wat sy werk aan die Psalmomdigting geniet. In 2005 het Van

Rensburg 'n baie interessante artikel geskryf oor Psalmberyming as poëtieskepping, waarin hy onder andere verskillende berymings van 'n aantal Psalms bespreek (Van Rensburg, 2005). Sy konklusie (Van Rensburg, 2005:116) is dat beide die berymings van Totius en Cloete aan hoë standaarde voldoen. Hy verwys met instemming na 'n verwysing na Cloete as "God se gawe aan die Kerk". Van Rensburg oordeel ook baie positief daaroor dat die GKSA beide die berymings in een Psalmboek opgeneem het, anders as in die *Liedboek*, waarin die nuwe Omdigting opgeneem is, met 'n seleksie van berymings van Totius aan die einde.

'n Groot deel van die kritiek teen die nuwe omdigting is kritiek wat nie voldoende rekening hou met die aard van 'n omdigting, soos in die vorige afdeling bespreek is nie. Dit raak besware teen weglatings, die gebruik van terminologie en die Godsname.

Die saak van die Godsname kom omvattend aan die orde in die beswaarskrif van die Gereformeerde Kerk Rooiwal by die Sinode van die GKSA in Januarie 2006 (vgl. GKSA, 2006:704-719). Die saak handel veral oor die weergawe van die drie Godsname *Jahwe*, *Elohim* en *Adonai* in die 2001-omdigting. Die beswaar gaan veral oor twee sake, naamlik dat veral die name *Jahwe* en *Adonai* nie onderskeidend weergegee word nie (vir beide word *Here* gebruik) en verder dat op plekke *God* voorkom waar *Here* moes gestaan het, en omgekeerd. In die bespreking van Psalm 1 is daarop gewys dat Totius ook daar *God* gebruik het waar eintlik *HERE* moes gestaan het. In die Ou Beryming word inderdaad altyd *HERE* gebruik, terwyl *Here* vir *Adonai* nooit gebruik word nie. Dit is 'n saak wat dikwels verband hou met die vereistes van die musiek, veral omdat "God" net een lettergreep benodig, terwyl "die HERE" drie gebruik. Die besparing van lettergrepe het waarskynlik 'n rol gespeel in Totius se keuse in Psalm 1. Die afwyking van die regte Godsnaam kan dus in meer gevalle met musikale of digterlike oorwegings verband hou, iets wat inderdaad in 'n beryming 'n rol kan speel. Dieselfde geld van weglatings, alhoewel 'n mens natuurlik sou kon redeneer oor gevalle waar die Psalms in die Omdigting relatief baie verkort is, soos by Psalm 106 en 119.

Wat terminologie betref, raak dit in die besonder 'n term soos "verbond", wat volgens die beswaardes dikwels weggelaat is en wat so die verbondskarakter van die Psalms ondermyn (vgl. GKSA, 2006:660). Soos in die bespreking van Psalm 1 aangedui, het Totius daar nie die kernbegrippe "godelose" en "regverdig" gebruik nie, maar tog het die teenstelling wat die Psalm tussen die twee groepe maak in die beryming tot sy reg gekom. Dieselfde geld dikwels die beswaar teen die nie-gebruik van sekere terme in die 2001-omdigting. Die gedagte van die verbond, sowel as die term, kom byvoorbeeld ten volle tot sy reg in die Omdigting van Psalm 89 (kyk byvoorbeeld na strofe 1, 5-9 en 11, waar sowel die term as die verbondsgedagte baie duidelik na vore kom). Die feit dat die term op sekere plekke nie direk weergegee word nie, beteken nie dat die gedagte van die verbond nie tot sy reg kom nie.

Prinsipiële besware

In verskillende publikasies het Elsabé Kloppers kritiek gelewer teen die uitgangspunte en werkswyse wat by die 2001-omdigting gebruik is. In *Die Kerkbode* van 19 Oktober 2001 word sy aangehaal dat sy gesê het dat die nuwe psalms 'n nog meer dinamiese beeld kon uitgestraal het en dat die baie strofes en lang versreëls negatief kan inwerk op die ontvangs van die nuwe Psalms, veral deur jonger mense (*Die Kerkbode*, 2001a:1). Sy het ernstige kritiek uitgespreek teen wat sy 'n reproduktiewe omdigting van die Psalms noem (Kloppers, 2000:194). Sy oordeel dat 'n Psalmomdigting eerder met 'n preek as met 'n

Bybelvertaling vergelyk kan word. Gevolglik kom interpretasie baie sterker aan die bod. Die digter interpreteer die Bybelteks en giet dit dan in 'n ander vorm (Kloppers, 2000:193). In die proses is dit belangrik dat daar ook na die konteks van vandag gekyk moet word (Kloppers, 2000:193-194). In aansluiting hierby bevraagteken sy die noodsaaklikheid dat al die Psalms omgedig moet word. In dié verband vra sy hoe, byvoorbeeld, die wraakpsalms van die Ou Testament omgedig moet word-dat dit in 'n gemeente vandag liturgies bruikbaar is. Sy wys ook op 'n tendens wêreldwyd om nie al die Psalms om te dig nie, maar alleen 'n seleksie (vgl. Kloppers, 2000:194-198). Sy het ook 'n probleem met die lengte van sommige psalms, wat 'n baie lang omdigting tot gevolg het as reproduktief te werk gegaan word (Kloppers, 2000:199). In aansluiting hierby pleit sy vir 'n sterker hermeneutiese ontsluiting van die Psalms en ook vir 'n groter verskeidenheid van vorme as net strofiese omdigtings (Kloppers, 2000:199-202). In 'n volgende artikel (Kloppers (2002) sluit sy hierby aan en pleit vir meerdere vorme van omdigting, korter omdigtings en meer omdigtings van individuele psalms wat op verskillende gedagtelyne fokus. Op hierdie wyse kan meer aandag gegee word aan die resepsiekonteks.

Reaksie op standpunte soos dié van Kloppers het ook nie uitgebly nie. Die voorsitter van die Interkerklike Psalmberymingskommissie, prof. A.C. Barnard, het reeds in 2000 'n artikel geskryf oor die betekenis van die Psalms vir die kerk. Hy stem saam dat daar in Psalmberyming veel meer interpretasie aan die orde kom as by Bybelvertaling (Barnard, 2000:218). Hy oordeel egter negatief oor die gedagte dat sekere Psalms, soos byvoorbeeld die wraakpsalms, in 'n omdigting uitgelaat moet word. Volgens hom speel dit in die hand van Marcion² en die gnostici (Barnard, 2000:220-221). Hy aanvaar nie die liturgiese argument as sleutel tot 'n beslissing van watter Psalms om te berym nie. As alle psalms in die kerk gelees en daaroor gepreek kan word, kan hulle sekerlik ook gesing word (Barnard, 2000:223-224). Vos (2002) het 'n artikel geskryf waarin hy direk reageer op Kloppers (2000). Hy pleit vir die behoud van die ou tradisie in reformatoriese kringe om al 150 psalms te berym en verwys na talle bundels in die gereformeerde wêreld wat dit wel gedoen het (Vos, 2002:358-359). Hy het 'n probleem met die gedagte dat die nuwe omdigting 'n reproduktiewe omdigting genoem word, omdat die twee terme mekaar uitsluit. Elemente soos ritme, metrum en poëtiese sintaksis maak gewone reproduksie onmoontlik.

Hierdie debat oor die aard van die nuwe omdigting en die vraag of al die Psalms berym moet word, is wat die 2001-omdigting betref, eintlik afgehandel. Die omdigting bevat al die Psalms. Alhoewel sekere Psalms tot 'n mindere of meerdere mate verkort is, soos onder andere Psalm 106 en 119, is die reël dat die inhoud van die Psalm so volledig moontlik aan die orde kom. Tog moet 'n mens aanvaar dat Psalmberyming nooit 'n afgehandelde saak kan wees nie. Hierdie debat kan dus verder ontwikkel en 'n belangrike invloed uitoefen op nuwe berymings van die Psalms in Afrikaans, wat eintlik voortdurend die lig kan sien. Sommige van die idees van Kloppers verdien verdere aandag, soos korter berymings en berymings wat op 'n sekere tema in 'n spesifieke Psalm fokus. Veral die gedagte om van ander vorme as bloot strofiese omdigtings gebruik te maak, verdien besondere aandag. Gebruikmaking van ander vorme kan tot groot voordeel van die kerksang in die algemeen en die gebruik van die Psalms in die erediens in die besonder wees.

In die kring van die GKSA het die prinsipiële besware veral met drie sake te doen, naamlik die hantering van die sogenaamde Messiaanse Psalms, vloekpsalms en die beskuldiging van 'n vreemde teologie ten grondslag van die Omdigting.

Die saak van die Messiaanse Psalms is elders volledig bespreek (vgl. Van Rooy, 2004),

sodat net die kern van die saak hier saamgevat sal word. Van al die literatuur waarna in daardie artikel verwys word, is die belangrikste twee om die beswaar toe te lig, die artikel van D'Assonville, Kayayan en Schulze (2004) en die boekie van Haasbroek (2003). Sedertdien het daar ook 'n publikasie verskyn met voordragte wat gelewer is tydens 'n konferensie gehou op 5 Maart 2005. In hierdie uitgawe is daar nog 'n bydrae van D'Assonville wat die beswaar omvattend toelig (D'Assonville, 2005). Die saak kom ook na vore in verskeie beswaarskrifte wat gedien het op die afgelope Sinode van die GKSA in Januarie 2006. Die beswaarskrif van D'Assonville op die afgelope sinode van die GKSA is ook hier van direkte belang (vgl. GKSA: 2006:658-664).

Die kern van die beswaar handel daaroor dat volgens hierdie persone die Messias weggelaat is uit die 2001-omdigting. Sekere Psalms is vir hulle direk-Messiaans in die sin dat die oorspronklike Psalm binne sy oorspronklike konteks gesien moet word as profeties van aard. Dit wys dus direk heen na Christus wat nog moes kom. In dié verband is die feit dat hierdie Psalms in die Nuwe Testament duidelik Messiaans verstaan is, van deurslaggewende belang (vgl. D'Assonville, Kayayan en Schulze, 2004:32-33 en D'Assonville, 2005:16-17). Dit gaan veral vir hulle oor Psalms soos Psalm 2, 22, 45 en 110, maar ook Psalms soos 31, 34 en 35 (vgl. D'Assonville, 2005:17). In die berymings kom hierdie saak veral sigbaar na vore in die gebruik van hoofletters al dan nie om die Messias aan te dui. In die Ou Beryming is sulke hoofletters byvoorbeeld duidelik te sien in Psalm 2 en 110, terwyl die hoofletters nie in die 2001-omdigting staan nie.

Vir die beoordeling van hierdie beswaar is die onderskeid tussen direkte en indirekte Messiaanse uitsprake in die Ou Testament van belang. Sowel die Ou Beryming as die Ou Vertaling het aanvaar dat Psalm 2 en 110 direk op Christus slaan en dus direk-Messiaanse Psalms is. Hulle het egter ook aanvaar dat van die Psalms waarna bo verwys is, soos Psalm 22, 31, 34 en 35, nie direk-Messiaans is nie. So bevat Psalm 22:2 (*My God, my God, waarom het U my verlaat*) een van Jesus se kruiswoorde. Die Ou Vertaling en Ou Beryming het die woorde egter nie verstaan asof dit in die oorspronklike konteks direk-Messiaans is nie. Indien hulle dit wel aanvaar het, sou die laaste *my* 'n hoofletter gehad het. Die 2001-omdigting gaan daarvan uit dat Psalms soos Psalm 2 en 110 in hulle oorspronklike konteks gedui het op 'n koning uit die huis van Dawid, en nie direk op die Messias nie. Natuurlik kan die lyn van daardie Dawidiese koning na Christus maklik getrek word.

Die beginsel ten grondslag van die beswaar, naamlik dat die Nuwe-Testamentiese gebruik van 'n teks as Messiaans van deurslaggewende belang is vir die interpretasie van 'n Ou-Testamentiese gedeelte, kan nie gehandhaaf word nie. Selfs die Ou Vertaling en die Ou Beryming het dit nie konsekwent gedoen nie. In die res van die Ou Testament, buiten die Psalms, is die bekendste voorbeeld hiervan Jesaja 7:14. Die teks wys duidelik in sy oorspronklike konteks op die geboorte van 'n kind, aan wie 'n profesie oor die vernietiging van Damaskus en Samaria verbind word. Die profesie is dus reeds in die tyd van die profeet vervul. In Matteus 1:22-23 word die maagdelike geboorte van Jesus egter gesien as 'n vervulling van hierdie profesie. In hierdie uitspraak word die uitspraak van die profeet dus as indirek-Messiaans hanteer, met 'n tweede (of verdere) vervulling in die geboorte van Jesus. Dit is selfs so dat daar ten opsigte van twee Psalms 'n verskil is tussen die Ou Vertaling en die Ou Beryming. Psalm 72 word nie in die Ou Vertaling Messiaans weer-gegee nie, terwyl die Ou Beryming dit wel doen. In die berymde Psalm 118:13 (Du Toit, 2003) staan daar in die eerste helfte van die strofe die volgende:

Geseënd is die grote Koning
wat aankom in die HEER se naam;
geseënd uit die HEER se woning
is volk en Koning altesaam.

In die Psalm self is daar geen verwysing na 'n koning nie, en slaan die woorde van die vers 26 (*Geseënd is hy wat kom in die naam van die Here*) op 'n priester wat uit die tempel kom om die volk te seën. Hierdie woorde word egter deur die volk aangehaal met Jesus se intog in Jerusalem (vgl. Matteus 21:9), en op grond daarvan het die Ou Beryming die woorde in die Psalms Messiaans geïnterpreteer. Daar sou dus wel 'n verskil kon wees oor die Messiaanse interpretasie van sekere gedeeltes in die Psalms, maar die kritiek wat hieroor teen die 2001-omdigting uitgespreek word, hou nie rekening met die kompleksiteit van die aangeleentheid nie.

'n Verdere punt van kritiek van prinsipiële aard is teen die sogenaamde vloek- of wraakpsalms in die 2001-omdigting. Hierdie kritiek kom onder andere voor in een van die beswaarskrifte van die Gereformeerde Kerk Rooiwal teen die 2001-omdigting (vgl. GKSA, 2006:688-690; vgl. ook die beswaarskrif van Partikuliere Bosveld, GKSA: 2006:652). In die beswaarskrif van Rooiwal word voorbeelde gegee van gedeeltes waar die vloekpsalms nie in die Omdigting aan die orde kom nie, of nie duidelik genoeg nie. Voorbeelde word gegee van gevalle in Psalm 11, 55, 56, 73, 109 en 139. Dit kan inderdaad wees dat in sommige gevalle die wraakpsalms nie so sterk in die omdigting aan die orde kom as wat dit in die oorspronklike staan nie. Tog kan daar nie 'n doelbewuste tendens in die geval aangetoon word nie. Daar is baie meer gevalle waar die wraakpsalms, of wraakgedeeltes in Psalms, ten volle tot hulle reg kom en baie sterk uitgespreek word. In die verband kan byvoorbeeld verwys word na Psalm 139:10 van Cloete, Psalm 54, 55 en Psalm 64. In verskeie strofes in hierdie Psalms word die oordeel hard en duidelik oor die ongelowiges uitgespreek.

Die beskuldiging van 'n vreemde teologie ten grondslag van die 2001-omdigting kom in verskillende beswaarskrifte voor wat in 2006 voor die Sinode van die GKSA gedien het. So praat die beswaarskrif van Bosveld daarvan dat die 2001-omdigting 'n teologie die kerk indra wat nie die gesag van die Skrif erken nie (GKSA, 2006:653). Die beswaarskrif van D'Assonville gaan veral in op die vermeende Skrifbeskouing wat die 2001-omdigting ten grondslag lê (vgl. GKSA, 2006:659-664). Dieselfde saak word ook breedvoerig hanteer in sy voordrag by die Kerkekonferensie in 2005 (D'Assonville, 2005). In hierdie stukke lê hy 'n verband tussen die teologie agter die 1983-vertaling, die teologie ten grondslag van die Nuwe Hervorming en die teologie ten grondslag van die 2001-omdigting. Hierdie saak word breedvoerig beredeneer in die verslag van die kommissie wat die beswaarskrif op die Sinode van 2006 hanteer het (GKSA, 2006:664-669). Hierin word die beswaar beredeneer en afgewys.¹ Indien die omdigting 'n vreemde teologie verwoord, sou dit beteken dat almal wat aan die omdigting meegewerk het, teoloë, digters, letterkundiges, taalkundiges en musici, eintlik so moes afgespreek het, waarvan daar geen sprake is nie.

Slot

Die besware teen die 2001-omdigting het die afgelope jare in veral die Gereformeerde Kerke baie beroering veroorsaak. Tog is daar ook talle kerke waar die omdigting met groot vrug gebruik word. 'n Groot groep mense het oor 'n periode van baie jare daaraan gewerk. Die digters, en in die besonder T.T. Cloete, het baie energie daaraan spandeer. Die produk

van hierdie werk sal nog vir baie jare 'n groot rol speel in kerksang in Afrikaanssprekende kerke. Natuurlik bly dit alles mensewerk, wat per definisie feilbaar is. Wettige kritiek kan daar dus altyd wees, teen die bewoording van die omdigting en teen die musiek, om maar twee belangrike sake te noem. Die debat sal seker nog voortduur oor besware. Baie van die besware wat teen die omdigting ingebring word, hou egter nie voldoende rekening met die eie aard van 'n Psalmberyming nie. Die besware wat in sekere kringe geopper word, maak egter nie die groot seën tot niet wat met die gebruik van die omdigting in ons kerke gepaard gaan nie.

Eindnota

- ¹ Die volledige bespreking is beskikbaar op die webwerf wat by die Bibliografie aangegee word. Dit is nie moontlik om die hele bespreking hier weer te gee nie.
- ² Marcion (oorlede ongeveer 150 nC) was 'n belangrike Bybelverklaarder in die Vroeë Kerk wat nie die Ou Testament as deel van die Bybelse kanon wou aanvaar nie.

BIBLIOGRAFIE

- Barnard, A.C. 2000. Die besondere betekenis van die Psalms in die Christelike Kerk. *Skrif en Kerk*, 21 (2):214-227.
- Barnard, A.C. 2001. Voorwoord by die Psalms, in *Liedboek van die Kerk*. Wellington: NG Kerk-uitgewers, pp. 11-17.
- Cloete, T.T. 2003. In: *Psalmboek - Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. NG Kerk-Uitgewers: Wellington.
- D'Assonville, V.E. 2005. "In hulle (die profete) het die gees van Christus vooruit getuig". In: Cilliers, S.A., D'Assonville, V.E. Momberg, H.L.J. en Meijer, G.J. 2005. *Kerkekonferensie van 5 Maart 2005. Die Skrifbeginsel agter die besluite van die Sinode van 2003 - 'n openhartige gesprek oor die gesag van die Skrif*, Pretoria: Die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, pp. 13-38.
- D'Assonville, V.E. (jr.), Kayayan, E. & Schulze, L.F. 2004. Christus Self is in gedrang. *Die Kerkblad*, Maart:32-33.
- Die Kerkbode. 2001a. Liedboek "sal kerk hervorm". *Die Kerkbode*, Deel 167 nommer 8:1. 19 Oktober 2001.
- Die Kerkbode. 2002. TT Cloete wen Andrew Murrayprys. *Die Kerkbode*, Deel 168 nommer 4:1. 1 Maart 2002.
- Du Toit, J.D. 2003. In: *Psalmboek - Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. NG Kerk-Uitgewers: Wellington.
- GKSA kyk Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2006. *Handelinge van die Nege-en-veertigste Nasionale Sinode*. Potchefstroom: Administratiewe Buro. (Ook beskikbaar op <http://www.gksa.co.za/>)
- Haasbroek, D. 2003. *Is Jesus in die Psalms?* DH Trust: Meyerton.
- Kloppers, E. 2000. 'n Nuwe Psalmomdigting in Afrikaans: Uitgangspunte, beleid, probleme. *Hervormde Teologiese Studies* 56 (1):192-204.
- Kloppers, E. 2002. "Woorde in die mond gelê?" Psalmomdigting en die proses van kanonvorming. *Acta Theologica* 22 (1):42-56.
- Van Rensburg, F.I.J. 2005. Psalmberyming as poëtieskepping. *Tydskrif vir Geestes-*

wetenskappe 45(1):105-116.

Van Rooy, H.F. 2004. Die nuwe Psalmomdigting: Die Messias weggelaat? *Hervormde Teologiese Studies* 60(3):755-767.

Vos, C.J.A. 2000. 'n Perspektief op die nuwe Psalmomdigting. *Hervormde Teologiese Studies* 56 (2/3):357-356.
